# Hoofstuk IX

............

## Die Christianase Laerskool 1919 - 1945

### 1.Geboue.

Die laerskool het gedurende die jare nà die afskeiding van die hoërskool [1] in 1918 selde 'n inskrywing van minder as 500 getel,en geen aanvullende vloerruimte is sedert 1906 , toe die gebou in gebruik geneem is, voorsien nie. Aangesien die gebou op erf 446 aan die hoërskool toegewys is,moes van verskillende geboue in die dorp gebruik gemaak word en dit het die organisasie aansienlik bemoeilik. Hierdie toestand is heelwat verlig toe drie nuwe klaskamers aangebou is en teen die einde van 1920 betrek kon word.[2] Minder as 'n jaar later het die inskrywing 'n nuwe rekord van meer as 600 bereik en die aanvraag vir klaskamers is sterk onder die aandag van die raad gebring.[3] In 1925 is nog klaskamers aangebou,[4] maar die ruimtevraagstukis slegs opgelos nadat die leerlinge van st.VI oorgeplaas is na die hoerskool in 1944.[5]

Die gebou is reeds in 1937 deur die mediese inspekteur van skole as ondoelmatig gesertifiseer omdat die

---

1. Vgl. Hoofstuk X
2. Christianase Laerskooljoernaal, 20 Oktober 1920
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 6
4. Christianase Laerskooljoernaal, 26 Mei 1925
5. Notule van die Bloemhofse Skoolraad,Boek 12
   Christianase Laerskooljoernaal, 26 Okt. 1943

merendeel van die klaskamers sleg verlig en geventileer word.[1]

2. Die skoolterrein.

Dit was die onaangename plig van die inspekteurs om herhaaldelik op die onaantreklikheid van die skoolterrein te wys. Dit was ontsier deur los klippe en weinig is gedoen om die aantreklikheid van die skool se omgewing te verhoog.[2] Die skool se omgewing is effens verfraai deur die aanplanting van 'n aantal sierbome, maar die watervoorsiening het nie toegelaat verfraaiing op groot skaal aangepak word nie.[3] In 1939 het die skool 'n elektriese pomp gekry en toe is voortgegaan om 'n gedeelte van die terrein te verfraai met grasperke en groentetuine.[4]

3. Boeke en voorrade.

Die inspeksieverslag van 1921 het daarop gewys dat die skool nog nie oor voldoende voorrade beskik nie en in 1923 was die gehalte en hoeveelheid skoolboeke in die hoër klasse sò swak dat elke klas oor slegs een serie leesboeke beskik het en hierdie toestand, het die inspekteurs verklaar, kon nie langer geduld word nie.[5] Hierdie tekorte is sedert 1925 aangesuiwer en die toestand is geleidelik verbeter[6] sodat 'n gebrek aan leermiddels nie die werk van die skool gestrem het nie.

---

1. Joernaal van die Christianase Laerskool; ged. 24.10.1937
2. Ibid, inspeksieverslag 1918, 1922
3. Ibid, ged. 2.4.1924
4. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, ged. 6.7.1939
5. Joernaal van die Christianase Laerskool, ged. 9.11.1923
6. Ibid , inspeksieverslag 1 Sept. 1931

In 1942 is 'n begin gemaak om 'n eie biblioteek in die lewe te roep en die volgende jaar het die boekery aangegroei as 450 dele en slegs twee jaar later het die biblioteek meer as 2,000 boeke bevat.[1] Aangesien die skool nie oor 'n leeskamer beskik het nie, is die boeke in die verskillende klaskamers gehuisves. Die inspekteur het in 1944 daarop gewys dat lees vir die genot aangemoedig en deeglik gekontroleer word.[2]

4. Sport en liggaamlike opvoeding.

Gedurende hierdie tydperk het liggaamlike opvoeding geleidelik tot sy reg gekom. Onder toesig van die personeel is deelgeneem aan voetbal en korfbal en jaarliks is meegeding om 'n wisseltrofee. Avondster 238, Bloemhof en Andalusia is uitgenooi om aan hierdie kompetisie deel te neem, maar gedurende die oorlogsjare moes van hierdie wedtrye afgesien word.[3]

Sedert 1936 het die skool se jaarlikse sportfunksie 'n nuwe vorm aangeneem. Al die leerlinge is in vier 'Huise' ingedeel om vir die J.P. Snyman-beker te wedywer. Die sportdag word voorafgegaan deur weke van voorbereiding om die leerlinge vertroud te maak met die verskillende items van die dag se program.[4]

Voortgaande met die beleid wat die onderwysowerhede in 1938/39 ingestel het[5], is voltydse instrukteurs in liggaamsopvoeding in 1940 aangestel en die pos in hierdie

1. Jaarverslag van die hoof, ged. 12 des. 1945
2. Joernaal van die Christianase Laerskool, ged 14 Okt. 1944
3. Verslag van die hoof, 16 Nov. 1941
4. Ibid, ged. 24 Nov. 1936
5. Jaarverslag 1940, 21

liggaamsopvoeding in 1940 aangestel en daardie pos in hierdie kring is deur die heer M.C.Wissing gevul.[1] Die oefeninge het nie kragsontwikkeling nie, maar lenigheid en 'n goeie liggaamshouding as doel gestel. Nadat die stelsel twee jaar in swang was, het die hoof van die skool gerapporteer dat hy van mening was dat die stelsel in sy doel geslaag het ; die oefeninge kon deur al die kinders, van die hoogste tot die laagste ouderdomsgroepe, uitgevoer word en die leerlinge het die lesure wat hiervoor aangewend is ten volle geniet.[2]

Nadat die onderwysers die oefeninge van die stelsel aangeleer het, kon elke lid van die personeel tot drie periodes per week aan liggaamlike opvoeding bestee.[3] Hierdie lesure word gedurende die somermaande aan swemonderrig en-afrigting bestee.

## 5. Natuurkennis en tuinbou.

Die heer C.J.Blom is in Januarie tot inspekteur van landbouonderwys benoem [4] en in 1929 is 'n nuwe leergang in natuurkennis voorgeskrywe. Die vak moes prakties onderwys word en die hoofdeel van die skooltuin moes daarin bestaan dat elke plant wat daarin gekweek is tot 'n studie daarvan moes lei.[5] Sedert 1933 het die heer Blom die pos van inspekteur van onderwys in hierdie kring opgetree en hy het baie aandag aan die onderwys van natuurkennis bestee. In 'n omsendbrief aan al die skole

1. Joernaal van die Christianase Laerskool 25.1.1940
2. Jaarverslag van die hoof van die skool 1942
3. Ibid, 1942
4. Jaarverslag 1925, 82
5. Jaarverslag 1930, 70 - 75

van sy kring het hy daarop gewys dat lesse in natuurkennis met groot voordeel tot grondslag van spreek- en opstellesse in die tweede taal aangewend kon word,maar bowenal hoog dit praktiese kennis van die plante wat as voedsel vir mens en dier dien.[1] Tot op hierdie stadium het inspeksieverslae daarop gewys dat die onderwys van natuurkennis in baie skole tot die klaskamer beperk was.[2]

Die raad het in 1928 'n komitee benoem om 'n modelskema op te trek sodat die verskillende skole voorsien kon word van omheiningsmateriaal,tuinslange,tuingereedskap, ens. om van natuurkennis 'n praktiese opvoedingsinstrument te maak.[3] Hierdie program is teen 'n slakkegang uitgevoer sodat die Christianase laerskool nie voor 1935 van 'n dam en die nodige tuingereedskap voorsien is nie.[4]

Persele is toe aan verskillende klasse toegeken en daarna het inspeksieverslae melding gemaak van die toegewydheid waarmee hierdie vak aan die skool tot sy reg kom.[5]

6.Kunsvlyt.

In 1943 is kunsvlyt vir die eerste keer as skoolvak ingevoer.Die begin was baie klein aangesien nie een van die personeellede veel kennis van die vak gehad het nie.Om die vak in die nabye toekoms tot sy reg te laat kom, het die inspekteur van onderwys,die heer T. le

1. Jaarverslag 1930, 70 - 75
2. Jaarverslag 1927, 70 - 72
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad, Boek 9
4. Joernaal van die Christianase Laerskool,19 Aug. 1935
5. Inspeksieverslag ged. Sept. 1931

Roux,deur Omsendbrief No.1 van 1945 bekend gemaak dat 'n vakansiekursus in kunsvlyt tussen 2 en 6 Oktober op Wolmaransstad aangebied sou word. Drie lede van die personeel het die kursus bygewoon en hulle sou dan die ander lede behulpsaam wees in die onderrig van die vak. Met die toestemming van die inspekteur is reëlings getref dat mev. Hartley (E.C.) , wat 'n besondere voorliefde vir prakties werk gekoester het, vrygestel word van die pligte van klasonderwyseres en die leiding van kunsvlyt op haar neem vir een jaar. Op 10 en 11 Mei 1947 het die organiseerster van kunsvlyt die skool besoek en o.a. gerapporteer : "Groot verwagtings word van hierdie skool t.o.v. kunsvlyt gekoester. Sy het aanbeveel dat deeglike werkskemas opgestel word en dat 'n aantal hoofrigtings soos mandjiemaak, bewerking van wol en velle gekies word en die skool moes dan daarop konsentreer.[1]

7. Naaldwerk.

Toe die inspektrise van naaldwerk in 1919 besoek het, het sy die mening uitgespreek dat die naaldwerk van die skool verwaarloos is. In die Afrikaansmedium is naaldwerk nie bo st.III onderrig nie. "I was especially sorry to find this in a place as Christiana where many of the girls come from the diggings and have very little help at home."[2] Hierdie leemte in die onderwys is geleidelik aangevul en enkele jare later kon die inspektrise konstateer dat die kledingstukke wat deur die dogters van st.VI vir die eksamen aangebied is op baie bevredigende wyse afgewerk is ; die snit van die klere het weinige ruimte vir verbetering gelaat en die keuse van die stowwe was baie smaakvol. 'n Spesiale kenmerk van die werk was

1. Joernaal van die Christianase Laerskool
2. Ibid, ged. 5.4, 1919

eenvormigheid van die standaard.[1] Die **rapporte oor** die werk van die jare 1935 en 1939 veral was baie in die guns van die leerlinge en onderwyseresse.

8. Mediese inspeksies.

Die eerste mediese inspeksie van die skool wat in 1924 plaasgevind het, het 'n ongunstige toestand van die algemene gesondheid van die leerlinge aan die lig gebring.[2] Gedurende sy volgende besoek het die mediese inspekteur lesings gehou waarin die lesse van netheid en sindelikheid beklemtoon is. Hy het die volgende aanbevelings gedoen :[3]

a. hoedepenne moes genommer word en leerlinge moes elke dag van dieselfde pen gebruik maak;
b. 'n medisynekassie moes aangevra word ;
c. die groot inskrywing het 'n ruskamer geregverdig; die skoolverpleegster sou die skool in die vervolg gereeld besoek.

Sedert 1929 is 'n plaaslike tandheelkundige diens ingestel en behoeftige leerlinge besoek die tandarts.

9. Skoolfonds.

Voor 1937 het die skool nie oor 'n gereëlde inkomste beskik **vir** die aankoop van sport- en **atletiekapparaat** of om vervoer- en onthaaluitgawes te bestry nie aangesien sulke uitgawes gewoonlik deur die deelnemers self vergoed moes word. Sedert 1937 is 'n skoolfonds in die lewe geroep deur die vrywillige bydrae van een pennie per **week** per leerling en hierdie inkomste het die

1. Joernaal van die Christianase Laerskool ged. 23 Sept. 1924
2. Ibid, ged. 16.9.1924
3. Ibid, ged. 14.4.1927

personeel in staat gestel om enkele jare later 'n 16mm. filmprojektor aan te koop.[1]

10. Rolprentonderwys.

Aanvanklik is die vertoning van rolprente sò gereël dat                nadat die onderwysers kennis gemaak het met die verskillende films by die voorskou en besluit het hoe die films gebruik sou word, is die rolprente aan groepe leerlinge in die skoolsaal vertoon. Omdat die ruimte beknop was, kon die toepassing nie in die saal nie, maar in die klaskamers uitgevoer word.[2] 'n Belangrike stap is gedoen toe die skoolsaal as klaskamer ingerig is en 'n doelmatiger verdonkeringstelsel aangewend is om duidelikheid van die film te verseker terwyl die verdonkeringsapparaat in 'n kort tydjie verwyder kon word om die leerlinge in staat te stel om illustrasies en aantekenings te maak.[3]

In 19'2 het die skool sy eerste strokiesfilmprojektor in gebruik geneem en kort daarna is 'n begin gemaak om 'n eie filmoteek aan te skaf. Tans (?954) beskik die skool oor ongeveer honderd strokiesfilms.[4]

11. Inspeksieverslae.

19?0. Dit was die grootste skool in Suidwes-Transvaal en dit was verblydend om te konstateer dat in opvoedkundige waardes die inrigting goed vooruitgaan. Aan sport word nie genoeg gedoen nie en die personeel behoort meer belang te stel in hierdie afdeling van die skool se

1. Joernaal van die Christianase Laerskool 14 Junie 1940
2. Memorandum oor Rolprentonderwys opgestel deur die hoof, ged. 17 Aug. 1943 .In besit van die hoof van die skool
3. Ibid, 1944
4. Verslag van die hoof, 1953

bydrae tot die bree ontwikkeling van die leerlinge

Die prinsipaal was 'n slaaf van kantoor- en administratiewe werk,maar hy stel hom ten doel om elke dag een of ander klas in aanwesigheid van die onderwyser waar te neem. Dit is 'n kostelike idee wat ongetwyfeld die skool baie ten goede sal oplewer.As al die leerlinge van st.VI wat die skool tans besoek na die hoërskool oorgeplaas word,sal lg. inrigting meer as 90 leerlinge moet inskrywe vir st.VII."[1]

1932. Die inskrywing in die Engelsmediumklasse neem af en is op slegs twee leerkragte geregverdig. Aangesien een van die onderwyseresse nie bekwaam is om Afrikaans te doseer nie,word aanbeveel dat sy verplaas word.

Veral in die laer klasse word veel gedoen om die klaskamers te versier en die aanskoulike onderwys kom hier tot sy reg. In die hoër klasse behoort veel meer in hierdie rigting gepresteer te word.[3]

1935. Die inspekteurs het die volgende wenke aan die hand gedoen:[4]

Die werk van die leerlinge in sts. IV tot VI in geskiedenis en aardrykskunde moet van meer bewyse van illustratiewe onderwys getuig;leerlinge moet leer om ñ natuurkalender aan te hou en die inligting moet gebruik word om die heersende winde,droë en nat seisoene, die toestand van die veld en diere,vas te stel , die uitgangspunt van die taalonderwys,veral die tweede taal

---

1. Joernaal van die Christianase Laerskool : Inspeksieraport 1920

2. Ibid. Inspeksierapport 1932

3. Ibid, Inspeksierapport 1932

4. Ibid, 1935

moet die konversasielês weës en volledige werkskemas moet sò opgestel word dat 'n sistematiese uitbreiding van die woordeskat, logiese behandeling van die taalkunde en kennis van idioom en basiese sinne verseker word.[1]

"2. Die administrasie word op uiters bekwame wyse bygehou en die hoof bly in noue voeling met die individuele onderwysers se werk en sy kontrole is doeltreffend. Onder sy bekwame leiding word die daaglikse take met entoesiasme, ywer en toegewydheid aangepak.

Die algemene toestand van die skool is ongetwyfeld gesond. Beide die mondelinge en die skriftelike behandeling van die leerstof gee die indruk van sorgvuldige voorbereiding en 'n noukeurige uitvoering van die werk.

Dit is 'n inrigting waar onderwys gesteun deur 'n deeglike toon en voorbeeldige orde, hand aan hand gaan."[2]

## 12. Samevatting.

Gedurende die tydperk wat in hierdie hoofstuk nagegaan is, het die inrigting nie alleen die onontbeerlike vloerruimte verkry nie, maar is ook voorsien van die nodige voorrade en leermiddels. Onder die bekwame en gewetensgetroue leiding van die hoofde het die skool tred gehou met ontwikkelings op onderwysgebied sodat handwerk, liggaamlike opleiding en veral die visuele onderwys hulle regmatige plekke in die onderwysfasiliteite ingeneem het. Die inspeksieverslae wys ook op 'n toegewyde en ondernemende personeel.

1. Joernaal van die Christianas Laerskool, Inspeksierapport 1935

2. Ibid, 1942